***Onthullings oor die Tempel***

**118** Maar een van **die fariseërs** het hom tot My gewend en gesê: “Hoe kan U as ‘n ware Judeër stilbly as so ’n ellendige heiden, aan wie U soveel goed gedoen het, hom sulke brutaliteit aanmatig om die suiwer lering van ons vadere so smadelik te beskimp?!”

[1] **Ek** sê: “Hy beskimp nóg vir Moses, nóg die profete, maar bloot net vir julle en julle nuwe statute en laat My skotvry, waarom moet Ek hom dan teregwys? Hy het julle beskryf en dus net teen julle oortree; daarom berus dit nou ook slegs by julle om met hom tot ‘n vergelyk te kom! As hy niks teen My het nie, waarom moet Ek iets teen hom hê?! Sien dus maar self hoe julle met hom gaan afreken! Tot nou toe is alles nog heeltemal in orde met hom wat My aanbetref.”

[3] **Die fariseërs en skrifgeleerdes** sê: “Ja, ja, hy het natuurlik nie vir U nie, maar vir ons beledig en ons dink dat U nou ons vriend geword het en omdat ons nou maar al te goed weet watter Krag daar in U Woord en Wil is, kon U dus maar ‘n paar woorde teen hom sê. Al was dit dan ook nie terwille van ons vriendskap nie, kon U dit ten minste terwille van die volk doen sodat hy kon swyg! Maar U het hom laat praat en ons by die volk in die skande laat kom; en kyk, dit was glad nie prysenswaardig van U nie! Daarvoor haat ons U weliswaar nie, maar ons kan U ook nie goedgesind wees nie!”

[4] **Ek** sê: “Wees soos wat julle wil, en Ek sal ook wees soos wat Ek dit goeddink om te wees! Trouens, dit is baie snaaks dat julle My nou julle vriendskap ontsê, omdat julle My dit in die grond [van die saak] nog nie bewys het nie! Maar Ek wat eintlik die volste Reg het om My vriendskap van julle te onttrek, omdat julle vroeër geen prysenswaardige gedagtes teenoor My in julle harte gekoester het nie, doen dit nogtans nie!

[5] Wat kan Ek sonder julle vriendskap verloor? EK sê vir julle: Waarlik niks nie! Maar as julle My vriendskap nie meer het nie, wie sal dan in My plek julle dooie kinders tot die lewe opwek?!

[6] As julle egter die jong man se rede in oorweging neem, sou julle tog, indien julle ware verstand het, in julleself openhartig moes erken dat die man in die volste en diepste grond [van die saak] die reine Waarheid gepraat het! Julle ken die Skrif en julle ken Moses en die profete! **Vra julleself egter of daar nog ‘n spoor van Moses of van die ander profete in die tempel te sien is?!**

[7] Was Ek dan nie hierdie jaar nog self in Jerusalem nie, en het Ek nie tot My groot ergernis gesien hoe die gebedshuis van Elohim in ‘n moordenaarsgraf verander is nie!

[8] Die voorhowe is vol slagvee wat te koop is, asook ander onrein diere, sodat die mense glad nie in die eintlike tempel kan kom sonder lewensgevaar nie. Voor die tempel word aan die een kant geslag soos in slaghuise en die vleis word verkoop; en aan die ander kant staan makelaarstafels en wissellaars-kraampies, en daar is so ’n lawaai en ‘n geskree dat ‘n mens amper nie in staat is om jou eie woorde te hoor nie.

[9] Kom ‘n mens dan in die eintlike hooftempel, kan jy jou weens die duiwehandelaars en allerhande ander voëls wat te koop aangebied word, glad nie roer nie! En in die Apartheid van die aparthede (Allerheiligste) waar, volgens die verordening van Elohim, net die hoëpriester eenmaal in ‘n jaar mag inkom, word nou teen betaling, wat egter ‘n offer genoem word, selfs enige heiden ingebring, natuur-lik heeltemal in die geheim en onder die seël van geheimhouding jeens die Judeërs! Maar in Rome ken hulle die Apartheid van die aparthede (Aller-heiligste) net so goed soos wat die hoëpriester in Jerusalem dit ken! En so word al die geheimenisse van die tempel vir geld aan vreemdes openbaar; Maar wanneer ‘n arm Judeër dit waag om agter die voorhangsel in te gaan, word hy summier bestempel as ‘n lasteraar en as een wat die Kennis van Elohim besoedel en op die vervloekte plek agter die tempel-muur gestenig. En daar gaan nie ‘n week verby waarin daar nie ten minste een gestenig word en ‘n paar die vervloekte water moet drink nie!

[10] **Wat is dit vir `n mentaliteit dat mens vreemdelinge inwy, maar die eie kinders doodmaak?!**

[11] Bedink eers vir jouself of Moses en al die profete die gebooie het en of Salomo in sy groot wysheid, toe hy die tempel voltooi het, die groot bedehuis vir die doel ingewy het waarvoor dit nou gebruik word! Kortom, die bedehuis van Elohim het `n verskriklike moordenaarshool geword en die Gees van Elohim is nie meer as `n vuursuil aanwesig bokant die ou ark van die verbond nie!”

[12] Nou word **die fariseërs en skrifgeleerdes** argwanend en sê vir My: “U was tog nog altyd in Násaret en omgewing, hoe weet u dit dan alles? Wie het die tempel aan u verraai?”

[13] **Ek** sê: “O, hoe stel u tog `n dwase vraag! As Ek u mees geheime gedagtes ken, hoe sou Ek dan nie weet wat daar in die tempel aan die gang is en wat daar gebeur nie! Maar Ek is nie die enigste wat dit weet nie, elkeen is al op die hoogte daarvan!

[14] U is self die eintlike verraaiers en u groot geldhonger het u daartoe verlei! U wy vir geld die vreemdes in in die tempelgeheime, en dié het dit daarna luidkeels in die strate aan die Judeërs bekendgemaak; en u vra My wie die tempel aan My sou verraai het!

[15] Maar Ek neem aan dat u net so goed soos Ek en baie duisende ander weet hoe die sake in die tempel nou daar uitsien, en ook dat u weet wat Moses en die profete almal geleer het. Hulle was waaragtig vervul met die suiwere en ware Gees van Elohim - en slegs hierdie gees het deur hulle mond gespreek! Hoe is dit dan gesteld met u geloof in Elohim, dat u so goedkoop Elohim se woord verwerp en met brutale en hoogmoedige eiedunk u eie slegte voorskrifte aan die arme blinde volk verkondig as ingewinge van Elohim se Gees? Daarby spoor u hulle **met al die verskrikkinge van die dood** aan om u voorskrifte te volg en te aanbid!"

### *Slegs wie Elohim se wil doen, leer Hom ken*

**119** [1] **`n Skrifgeleerde** sê: "Vriend, u waag wel baie as u sake aan ons vertel waarop die tempel die doodstraf geplaas het as dit verraai word! Dit is egter u geluk dat u ons owerste so `n groot guns bewys het, anders sou dit nie so goed met u gegaan het nie; want ons is met `n dure eed aan die tempel gebonde."

[2] **Ek** sê: "Dit kan u breek wanneer u wil, want u het die eed nie aan Elohim gesweer nie, maar aan die tempel wat deur mensehande gemaak is en waarin Elohim nie meer woon nie!

[3] Waar Elohim egter nie woon nie, daar woon die ou vors van die leuen en van al die kwade, en `n eed aan hierdie vors en huidige meester van die tempel kan u onbevrees breek!

[4] As u elke eed aan die tempel sou breek, dan sou Elohim die Meester `n welgevalle aan u hê en Hy sou u gee wat Hy reeds vanaf die begin van die wêreld aan My gegee het, en waar u nou verbaas na kyk en nie begryp hoe Ek werk verrig waartoe, volgens u eie bewering, slegs Elohim in staat is nie! As u egter die tempel meer vrees as Elohim wat u nie ken nie, dan bly u gebonde aan die tempel en is u vir Elohim `n gruwel!

[5] Wanneer My eenvoudige woorde u dit egter nie laat glo nie, glo My dan tog vanweë die werke wat Ek ten behoewe van u in u teenwoordigheid doen en waarvan uself sê dat dit slegs vir Elohim moontlik is!"

[6] **Die skrifgeleerde** sê: "Hoe kan u Elohim beter ken as ons, u het die skrif tog nie bestudeer nie?"

[7] **Ek** sê: "U ken wel die dooie letters; maar daarin is Elohim nie en daarom kan u God ook nie uit die skrif ken nie! Die skrif toon u slegs die weg na Elohim, en dit slegs maar as u die weg gaan sonder om daarvan af te wyk.

[8] Wat het u daaraan as u die weg na Rome ken, maar nooit gebruik daarvan maak om na Rome te gaan om die groot stad van die koning te sien nie? Watter kenner van die weg na Rome kan egter sê dat Hy Rome ken omdat hy die weg daarheen ken, terwyl hy nog nooit `n voet op die weg gesit het nie?! Watter nut het u dan van kennis van die skrif wat die weg na Elohim is, as u nog nooit `n voet daarop gesit het nie?!

[9] Ek ken net soos u die hele skrif, maar Ek het altyd volgens die wette van Elohim wat daarin gegee is, gehandel; daarom ken Ek Elohim volkome en kan Ek u dan ook uit die oorspronklike bron meedeel dat daar nog nooit iemand van u en van u soort Elohim geken het **en dat u Hom op u slegte weë ook nooit sal leer ken nie, want u is almal godloënaars!**

[10] Self wil u Elohim nie ken nie; vir diegene egter wat nog op die goeie weg sou wou gaan, **versper u die pad met dood en verderf!** Daarom sal u eendag in die ander lewe ook des te meer verdoemenis ondervind! Want almal wat u vervolg het en nou nog steeds bly vervolg, sal u ewige regters wees!"

[11] Nadat Ek dit aan die fariseërs en skrifgeleerdes verkondig het, klink uit die volk `n magtige byvalsgeroep en die manne wil die fariseërs en skrifgeleerdes te lyf gaan. Dit verhinder Ek egter en Ek gaan met die leerlinge en al die fariseërs en skrifgeleerdes deur die klein agterdeurtjie na buite na die meer. En omdat hier al verskeie skepe gereed lê, gaan die manne dadelik aan boord en ons vaar met `n matige, goeie wind vinnig van die oewer af weg, sodat die groot volksmenigte ons nie kan bereik nie.